PUKKE!
vir al u kleurbaadjies
Johan Claassen
Broers
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Kerkstraat 92
Tak: Tomstraat 100

die WAPAD
Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.
In U lig sien ons die lig.
JAARGANG XXVIII DINSDAG, 16 OKTOBER 1973 Nr. 14

GACHET
APTEEK
Groot genoeg om u te bedien
Klein genoeg om u te ken.
★
DIE
STUDENTE-APTEEK

# SPORTSTERRE 1973

## P.U. SPORTLUI KRY ERKENNING

**ANDRIES KROGMANN, een van Suid-Afrika se voorste langafstandatlete en Tobiana Louw, kranige netbalspeelster wat vanjaar weer provinsiale en nasionale kleure verwerf het, is op 1 Oktober 1973 aangewys as onderskeidelik die Potchefstroomse Universiteit se sportman en sportvrou van die jaar. Die toekennings vir hierdie prestasie is tydens die jaarlikse sportdinee aan hulle gemaak.**

Andries Krogman het 'n puik oorsese toer in Julie vanjaar agter die rug. Hy het in België en Nederland pragtige prestasies behaal. Hy het daar o.m. oud-Puk Fanie van Zijl sê Suid-Afrikaanse rekord oor 3 000 meter met 7 sekondes oortref. Sy tyd was 7 min. 53 sek. Hy is die eerste Suid-Afrikaner wat die 3 000 meter in minder as 8 minl kon aflê.

Nog 'n Suid-Afrikaanse rekord wat hy verbeter het, was die 10 000 m. Sy tyd was 28 min. 27,2 sek. Nog een van sy prestasies vanjaar is dat hy oor die 1 500 m. die vinnigste tyd van sy loopbaan opgestel het nl. 3 min. 47.4 sek.

Andries Krogmann se beste tye is:

1 500 m. — 3 min. 47.4 sek. — België 3 Augustus 1973.
5 000 m. — 13 min. 55 sek. — Stellenbosch — Mei 1972.
3 000 m. — 7 min. 53.4 sek. — Nederland — 8 Augustus 1973 (S.A. rekord).
10 000 m. — 28 min. 27.2 sek. — Nederland — 11 Augustus 1973.

Hy hou die volgehde S.A. rekords nog agter sy naam:

3 000 m. seuns O/19 — 8 min. 15 sek.
3 000 m. seniors — 7 min. 53.4 sek.
10 000 m. seniors — 28 min. 27.2 sek.

Andries Krogmann het in 1971 Springbok geword in atletiek en landloop en in daardie jaar is hy ook aangewys as die P.U. se sportman van die jaar. Hy is 'n finalejaarstudent in Bybelkunde en wil volgende jaar inskryf vir die Honneursgraad in Bybelkunde.

Mej. Tobiana Louw is dosente in die departement Liggaamlike Opvoedkunde aan die Potchefstroomse Universiteit. Sy was een van die spanlede wat Suid-Afrika vanjaar in twee toetswedstryde in internasionale netbal verteenwoordig het. Tydens die toer van die Engelse span is sy gekies as hulpdoelverdedigster vir die eerste toets in Pretoria. In die tweede toets in Kaapstad was sy onderkapteine.

Benewens haar deelname aan die twee toetse, was sy vroeër vanjaar tydens die nasionale afrigtingskursus in Pretoria hulpafrigster vir die vyftig beste Suid-Afrikaanse speelsters. Verder was sy skeidsregter in die wedstryd van Noord-Transvaal teen Engeland.

Mej. Louw se liefde vir netbal dateer al uit haar skooldae toe sy vir haar skool, Hoërskool Swartland, Malmesbury, se eerste span gespeel het. Toe sy op Stellenbosch op Universiteit was, het sy vir die Universiteit se eerste span gespeel. Sy was van 1962 tot 1966 kapteine van Boland. In 1967 het sy vir Suid-Afrika deelgeneem aan die tweede Wêreldnetbal toernooi in Perth. In 1970 is sy weer gekies vir die Springbokspan wat op 'n netbaltoernooi in Australië was.

Mej. Louw hou ook van tennis en swem. Sy het gesê dat sy voortaan meer aandag aan tennis wil gee, en skertsend bygevoeg dat sy darem al 3de liga vir Potchefstroom-Wes Klub gespeel het.



**Die Puk gee erkenning aan sy sportsterre = mev. Bingle oorhandig die bekers vir die beste sportman en -vrou aan Springbokke Andries Krogmann (links) en Tobiana Louw.** *Foto: Fotokuns.*



**Die loon op die arbeid = Jimmy van Rensburg en mnr. Johan Claassen staan trots by die Ted Sceales-trofee. Puk isSuid-Afrika se universiteite-rugbykampioen vir 1973.** *Foto: Fotokuns.*

## TOEKENNINGS, ERE-KLEURE

**Atletiek:**
D. Malan, P. Meyer, D. Gildenhuys, D. Troskie, M. van Rensburg, J. Gunter.

**Gimnastiek:**
A. Theron, W. van Eeden.

**Gholf:**
P. Bierman.

**Krieket:**
C. van der Walt, M. van Zyl.

**Korfbal:**
M. Liebenberg.

**Landloop:**
J. van der Walt.

**Muurbal:**
H. Schoch.

**Netbal:**
E. Oosthuizen, M. van Loggerenberg, V. Kruger.

**Pluimbal:**
D. Weyers, E. Wolfaardt.

**Rugby:**
J. Burger, T. van Rensburg, S. Schutte.

**Stoei:**
J. Viljoen.

**Skerm:**
S. van der Walt, L. Visser.

**Tennis:**
E. Ferreira, R. Campher, M. Lombaard, G. Fourie, R. van Heerden.

**WISSELBEKERS.**

De Klerk-wisselbeker — Eugene van Wyk.

Corrie van Rooy-wisselbeker: Tobiana Louw,

Claudia de Jager-wisselbeker — Elmo Ferreira.

Pepsi-Cola-wisselbeker: Rihette van Heerden.

Davy Robertson-Wisselbeker — Ruanda Jacobs.

Landloop-wisselbeker — Pieter van der Walt.

Sieg Preller-wisselbeker — Wolfie Wolfaardt.

Wapenmeesterskild — Leon Visser.

Damesfloret — Helen Combrinck.

**KOSHUISLIGAS.**

Atletiek — Mans: PGD; Dames: Klawerhof/Dorp.

Hokkie — Klawerhof.

Korfbal — Heide.

Krieket — Piet Grobler.

Rugby — A-liga: Dawie du Plessis; B-liga: Kompleks; C-liga: PGD; Uitklop: Kompleks.

D. P. J. Smith-tenniswisselbekers — Dames: Heide; Mans: Dawie du Plessis.

George Booyens-wisselbekers — Mans: PGD; Dames: Klawerhof.

Presidentsmedalje — Eric le Roux.

Eere-toekennings — Prof. D. P. J. Smith, C. H. Holtzhausen, J. S. M. Henning, J. H. van Zyl.

Ou-Mutual-wisselbekers — Sportman van die Jaar 1973: Andries Krogmann; Sportvrou van die Jaar: Tobiana Louw.

Die Bult Apteek
NOORDBRUG APTEEK (EDMS.) BPK.

★ VIR AL U APTEKERSBENODIGDHEDE . . . . . .
. . . . . ONS KEN U BEHOEFTES

Direkteure: Prof. M. C. B. v. R. v. Oudshoorn (L.A.V.) Voorsitter; Dr. A. P. Goossens (L.A.V.); A. C. Dreyer (B.Sc.-Far ) (L.A.V.) en Andries G. Coetsee (B.Sc.-Far) L.A.V. (Besturend).

# ASTER

## SKOONHEID VIR DIE SOMER-VAKANSIE

**VAKANSIE — die towerwoord vir elkeen van ons! Maar ai, die aaklige eksamen van 'n maand tot twee lê nog en loer en knaend voel jy bedreig en lus om weg te hardloop!**

**Vir die ledige uurtjies wat jy nog het om lui-lekker rond te dwaal, het ons 'n blink idee. Begin solank beplan aan jou somervoorkoms die vakansie.**

Somer is die lieflike ontspannings- en vakansietyd van die jaar. Dit is die tyd van blommeprag, sappige, gesonde vrugte, buitemuurse sport en ook partytjies in die buitelug, 'n feestetelike luilekker rondlê langs die swembad of op die strand, en somer is die tyd van lang wandelings in die skemerdonker of nog soveel te meer in die maanskyn.

Somer is voorwaar 'n lieflike tyd van die jaar, maar daarmee gepaard gaan ook 'n somervoorkoms, wat beslis 'n skoonheidsvoorkoms is.

Laat ons dus voor begin om van jou 'n „Aster van die Somer" te maak. As die winterklere weggepak is en ons vinnig verklee in ligte somersrokkies; o wee, die winter het sy merk gemaak. Ja, somersklere is vir 'n soepele aster, en dit steek geen figuursfoute weg nie.

Dus begin dadelik diëet om van daardie ekstra vyf na tien pondjies ontslae te raak. Niks lyk leliker as 'n aster wat oorgewig is, waarvan die mooi nuwe langbroek te nou span om die heupe, om van die vertrolletjies wat dreig om oor die nuwe bikini te hang, nie eens te praat nie.

Vinnige, kits diëte kan wel suksesvol wees, maar onthou die beste manier om te verslank, is stadig en onder dokterstoesig. Om vinnig gewig te verloor kan nie alleen skadelik wees vir die gesondheid nie maar dit affekteer baie definitief die skoonheid van die hare en die vel.

Al is jy op 'n dieet, probeer altyd binne 'n gebalanseerde voedingspatroon bly. Eet genoeg voedsel ryk aan kalk bv. kaas en melk; proteinryke voedsel soos vleis, vis en eiers. Genoeg vrugte en groente is ook noodsaaklik. Eet ook heelkoringbrood en drink ten minste van agt tot tien glase water per dag.

Met 'n paar vinnige oefeninge voor slapenstyd en vroeg in die oggend, word die slap spiere weer opgehef en help dit ook die dieet aan.

Onthou om jou gereeld op die selfde tyd van die dag en in dieselfde hoeveelheid klere te weeg, en as jy weer eendag na die naald van die skaal loer, sal jou bietjie vasbyt bekroon word met 'n paar kilogram minder.

Die somervoorkoms is 'n algehele skoonheidsvoorkoms. Die hele liggaam moet glad en soepel wees. Maak gebruik van badolie en smeer jouself mildelik met 'n liggaamsvogroom, veral op daardie droë plekkies soos die elmboë, knieë, hakke, skouers en bene.

Onthou lelike ontsierende hare bederf enige mooi somersrokkie, en vir jouself as sonmeisie. Daar is baie metodes om daarvan ontslae te raak, en daar is niks so onaantreklik soos onooglike hare nie.

Somer beteken son — wees tog versigtig daarmee. Laat jou vel gewoond raak aan die son en gebruik altyd 'n beskermende vogroom. Veral op jou gesig. 'n Mooi bruin gebrande gesig is baie aantreklik, maar die son kan dit uitdroog en is die voorloper van plooie as jy nie vroegtydig voorsorg tref nie. Onthou net hierby dat sproete 'n bate is!


Gedurende die vakansie gaan slaap 'n mens gewoonlik later en is 'n mens ook luier as gewoonlik. Moet tog nie dat luiheid die oorhand kry nie, en reinig die vel en nek altyd voor jy bed toe gaan, al wil jy hoe graag tussen die lakens induik om die aand te herleef.

Maak gebruik van 'n sagte seep om die vel en nek goed te was, reinig dit daarna met 'n diep velreiniger, en onthou om soggens en saans 'n vogroom te gebruik onder jou grimeringonderlaag.

In die somer, wanneer die vel geneig is om droog te word, kan 'n nagroom baie waardevol wees.

Nou ja dames, maak seker dat daardie toortassie van alles en nog wat insluit. Om die beste van jou vakansie te maak beplan vooraf en geniet elke oomblik daarvan. Tot ons weer gesels, sterkte met die akademie solank.

# VIR JOU



„ . . . maar ek offer elke dag vir jou net vir jou, want ek het jou lief". — A. Krog.

*Foto: Fotokuns.*

## LIEWE MENEER

Liewe Meneer . . . ja, jy wat elke aand sleeptyd 'n aster skiet vir koffie, jy wat na elke dinee 'n paar blomme, of net 'n dankiekaartjie stuur, jy wat elke aster vriendelik groet as jy by haar verbyloop — ja, dis aan jou wat ek die briefie rig.

Net jammer, so jammer, dis jy wat aand vir aand in die Elgro feesvier, dis juis jy wat nooit 'n teken van lewe toon na 'n dinee nie, en dis jy wat die aster laat voel dat groet helemal benede jou waardigheid is.

Dit is mos die lekkerste lekker vir jou om voor die Kafeteria of op die Bult, met die grootste selfversekerdheid die arme dametjie wat verby stap, soos 'n wafferse kenner te beskou en aan haar 'n skamele vyf, of so iets toe te ken — Natuurlik gepaardgaande met die nodige op- of aanmerking. Het jy al gehoor van so iets soos 'n spieël, en nie eens te praat van maniere nie?

Jy skarrel mos ook met 'n motor hier rond, die kasetspeler se volume vol oopgedraai, (dis mos nou weer dees dae 'n status simbool). Honderd myl per uur, met fluitende bande word daar om die hoeke gejaag sonder om eenkeer 'n blik te wy aan die dametjie wat swaar dra aan haar inkopies of haar Bach en Beethoven boeke, op pad konserve toe.

Ag, dit is natuurlik net 'n paar aspekte wat my pla van jou, ongelukkig mag ek nie nog veel langer skryf nie.

Hoe heerlik sou dit vir my gewees het om so nou en dan 'n blom te ontvang na 'n dinee (al is dit 'n „geleende daffodil"), of 'n vriendelike ou in die duikweg te groet of om van my swaar dra en moeë voete verlos te wees (al is dit 'n vreemde ou) of om nie te voel soos 'n klein-klein wurmpie wanneer julle „stock vat" op die Kampus nie!

Nou ja, daar moet altyd iets soos wensdenkery wees!

## EK EN JY

„Hoe wonderlik om iemand te kan hê wat my liefde beantwoord. Iemand in wie se oë ek sonder skaamte kan kyk. Iemand wat my verstaan en aanvaar. Iemand vir wie ek met my liefde kan bedek.

Hoe wonderlik dat die Here ons so geskape het, dat ons op die ander geslag aangewys is, en dat die liefde vir iemand sommer so op 'n dag hier in jou binneste oopgaan, soos 'n fontein wat plotseling een lente in 'n droë dal ontspring het.

Hierdie mooi tyd in jou lewe is deur God bedoel as tyd van voorbereiding met die oog op jou huwelik, ja, miskien kan ons selfs sê as tyd van ondervinding. Om deur die ontmoeting van verskeie jong mense die pad na die een wat vir jou bedoel is, te vind. Daarom is dit glad nie te sê dat die eerste een wat jou pad kruis, jou man is nie.

Boonop is jy geroepe om jou oë oop te hou en jou maat met liefde, maar ook krities deur te kyk.

Moenie jou skone kelkblare voor jou huwelik uitdeel nie. Dit mag 'n bietjie tydelike genot verskaf, maar as die kelkblare afgepluk is, word die leë stengel in die straat vertrap.

„Ek het nie 'n kêrel nie!" Waarom het jy nie een nie?

Nee, vergeet van jou gebreke en konsentreer op jou gawes en veral op die geloof dat God ook vir jou 'n heerlike toekoms bedoel het.

Los jouself en jou gedagtes wat 'n muur om jou bou, en stel eerlik belang in ander en wees opreg en vriendelik en vertrou dit alles aan die Here toe.

En jy sal sien, eendag hou daar 'n blink vosperd met 'n splinternuwe saal voor jou deur stil, met „joune" op sy rug; eendag sien jy hom en jy ontdek jou eie hart binne in syne". Uit: Vir die dogters van Eva. Van: Murray Janson.

## Ek Gooi My Klippie

Ek wil graag klippie in die bos gooi oor 'n paar klippies wat in my skoen is en wat vinnig besig is om dorings in my vlees te word.

Ek wil betoog teen myself: oor die lekker laat koek-sessies; oor daardie opgewonde en vurige gesprekke diep in die nag; oor die 12-uur Saterdagdagnag terugkom na 'n heerlike sleep en gou-gou vir buurvrou sommer in die deur staan en verslag lewer; oor die lekker warm bad om half-een, nadat ek klaar geswot het; oor die kuier by my vriending omdat ek nie werk het nie; oor die badkamerligte wat ek aanlos omdat ek te bang is om in die donker terug te loop kamer toe; oor my wasgoed wat ek oornag in die wasbak laat week sodat dit more-oggend om 8:uur as ek opstaan sommer maklik sal skoonkom; oor my bad wat ek nie vanmore gewas het nie; omdat daar nie 'n borsel was nie en ek regtig nie my waslap so vuil gaan smeer nie.

Ek wil grootliks protesteer teen myself wat my 'n kosganger noem, wat saam met honderde ander dames in een gebou woon en my „gate uitgeniet".

O, ek wens my ma en my toekomstige man kan my so sien, ek wens die proffie wat my so knap in die klas vind, kan hier inloer. Ek wens dit, sodat ek my lekker kan skaam.




CACHET MODES

DIE DAMESWINKEL BIED U

SOMERMODES

WINTERMODES

ONDERKLERE

BROEKKOUSE

TOMSTRAAT 94

die WAPAD

*Die jaar is verby. Al wat nog voorlê is die eksamen — die kroon op die jaar se werk. Pukke, sterkte met die akademiese stryd — laat die beloning soet wees.*

*Aan die einde van die jaar word daar afskeid geneem. Aan die Pukke wat ons geliefde kampus help uitbou het — baie dankie vir die diep spore wat u hier getrap het, ons hoop ons sal daarop kan voortbou. U moet egter nie voel dat u raad in die vervolg onwelkom sal wees nie, daar kan slegs uit ervaring geleer word.*

*Aan alle Pukke wat ons verlaat, wees ware ambassadeurs van ons Universiteit. Dra die naam van die P.U. vir C.H.O. uit — laat daar nooit 'n vinger teen u of ons Universiteit gewys kan word nie.*

*Gedurende die Desemder vakansie vind daar verskeie Inter-universitere toernooie plaas. Daar is die Dalrymple in Pretoria, die krieket-toernooi in Grahamstad en die tennis-toernooi in Kaapstad. Sterkte aan al ons sportmanne en -vroue wat gaan deelneem. Die fokus van ons land is op u gerig — dra die Puk se naam hoog en dra dit waardig. Vir elke Puk vir wie dit moontlik is om van hierdie toernooie by te woon, ondersteun ons mense.*

*Die afgelope jaar was die Puk tweede in die Dalrymple, Inter-universitere rugbykampioene — goed die Puk het nie teen Maties gespeel nie. maar as 'n span nie deelneem nie, kan hulle nie aanspraak maak op enige kampioenskap nie. Verder is die Puk die landloop kampioene.*

*Pukke moet nou nie tevrede terug sit nie, ons kan in alle sportsoorte die boonste sport bereik. Daar* **moet** *slegs voortgebou word op die afgelope jaar se sportprestasies.*

*Dit is die laaste Wapad van die jaar en ek wil graag 'n paar ruikertjies uitdeel:*

- *Twintig ruikers aan die Studenteraad van die termyn '72/73.*
- *Twintig ruikers aan die nuwe Studenteraad.*
- *'n Ruiker aan elke persoon wat mee gewerk het om van hierdie jaar 'n sukses te maak.*
- *'n Ruiker aan een en elk van die Puk se personeel.*
- *'n Ruiker aan elke sportman en -vrou wat uitgeblink het in sy of haar onderskeie sportsoort.*

*Ons wens aan al ons lesers 'n aangename vakansie en 'n geseënde Kersfees toe. Mag die nuwe jaar net geluk vir u bring.*

# S.R. EN REKTOR



**Voor:** Karl Rost, Pieter Mulder, prof. Bingle, Neels van Niekerk, Kobus van der Walt, Quintus Pelser **Middel:** Koos Cloete, Eric van der Walt, Karel van Heerden, Dawid Weyers, Paul Kruger, Marius Schalekamp, Thys Labuschagne **Agter:** Japie Robbertse, Peter Bütow, George Lotter, Louis Pienaar en Charl van der Merwe *Foto: Fotokuns.*

# LEERSTOEL IN INTERNAS. POLITIEK

**'N LEERSTOEL in Internasionale Politiek sal ingevolge 'n besluit van die Raad van die Potchefstroomse Universiteit vanaf die begin van aanstaande jaar aan die Universiteit ingestel word**

Die Federasie van Rapportryerskorpse lewer 'n finansiële bydrae tot die onderneming, en daarom sal dit en die Rapportryersleerstoel in Internasionale Politiek bekend staan.

Hierdie ontwikkeling hou verband met die feit dat Suid-Afrika sedert die Tweede Wêreldoorlog, en veral vanaf die sestigerjare, diep in die wêreldpolitiek betrokke geraak het, sodat wetenskaplike kennis en voorligting op die gebied 'n dringende noodsaaklikheid geword het.

Dit spruit verder ook uit die bekende Potchefstroomse belangstelling in buitelandse sake, soos onder andere blyk uit die stigting van die Instituut vir Afrikanistiek in 1957 en die Sentrum vir Internasionale Politiek in 1966.

Laasgenoemde sal voortaan 'n deel van die nuwe departement vorm, sodat die Universiteit in die toekoms op die terrein 'n tweeledige diens sal kan lewer, tewete doseerwerk en studie (hoofsaaklik in die departement) en navorsing en voorligting (veral deur die sentrum).

Die nuwe leerstoel sal deur prof. C. P. van der Walt beklee word wat tot dusver hoof van die departement Staatsleer was.

Prof. van der Walt het hom sedert die stigting van die Sentrum sewe jaar gelede aktief met die internasionale politiek besig gehou. Hy het onder andere drie besoeke aan die buiteland gebring met die oog op 'n studie van internasionale toestande, die aanbieding van Internasionale Politiek as Universiteitsvak en die funksionering van institute op die gebied.

# KARNAVAL TEMA

**Die Sentrale Karnavalkomitee het besluit dat die tema van volgende jaar se feesvieringe "Afrikaanse Letterkunde" sal wees Daar is gevoel dat hierdie tema 'n wye spektrum dek en 'n uitstekende geleentheid bied aan die studente om vrye teulels aan hulle inisiatief te gee**

**Die sub-tema „Boeke" sal dan dien vir die bou van vlotte en stalletjies sal na aanleiding van „Kinderrympies" ontwerp moet word**

**Die komitee hoop dat die studente iets groots hiervan sal maak**

# Univ. Raadsbesluite

**VOLGENS Bulletin Nr 4/1973 het die Raad van die Universiteit die volgende besluit:**

- *Name vir nuwe dameskoshuise:*

Die Raad het besluit dat die volgende name aan die nuwe dameskoshuise toegeken word:

Blok P,Q,R — Vergeet my nie (Huisvader prof. F. J. Potgieter).

Blok S,T,U, — Wag-'n-bietjie (Huisvader mnr. C. J. H. Schutte).

Die Raad het voorts besluit dat die naam van die eetsaal vir die hele kompleks "Voorhuis" sal wees.

- *Losiesgeld vir* 1974:

Die Raad het besluit om die losiesgeld vanaf 1974 tot R400 per student per jaar te verhoog.

- *Ingebruikneming van Fanie du Toit Sportterrein:*

Die ingebruikneming van die Fanie du Toit-Sportterrein sal nou op Saterdag 30 Maart 1974 plaasvind.

'n Volledige program van die verrigtinge word tans opgestel.

- *Benoeming nuwe fakulteitsraadslede:*

Die Raad het die benoeming van die volgende nuwe fakulteitsraadslede goedgekeur:

Dr. M. E. Botha, lid van die Fakulteitsraad Lettere en Wysbegeerte;

prof. J. H. van Wyk word onthef van sy lidmaatskap van die Fakulteitsraad Lettere en Wysbegeerte;

prof. S. P. van der Walt, lid van die Fakulteitsraad Lettere en Wysbegeerte;

dr. J. P. L. Reinekce word weer vir 'n jaar herbenoem as lid van die Fakulteitsraad Natuurwetenskappe;

dr. J. J. Grobler, lid van die Fakulteitsraad Natuurwetenskappe;

prof. E. J. Smit, lid van die Fakulteit Teologie;

mnr. G. A. Landsberg, lid van die Fakulteitsraad Opvoedkunde;

prof. D. van Eeden word onthef van sy lidmaatskap van die Fakulteit Opvoedkunde;

mnr. D. J. Swanepoel, lid van die Fakulteitsraad Regte vanaf 1974.

- *Bedanking lid van die Raad: dr. F. P. Jacobs:*

Aangesien dr. Jaconsz uit die Vaaldriehoek vertrek het, het hy besluit om as lid van ied Raad te bedank.

- *Wysiginge i.v.m. personeellede:*

Vanaf 1 Januarie 1974 geld die volgende:

Dr. D. P. Wissing, senior lektor, word van die departement Afrikaans-Nederlands na die departement Algemene Taal- en Literatuurwetenskap oorgeplaas.

Dr. H. S. Steyn word as senior wetenskaplike assistent na die Interdepartementele Statistiese Dienste oorgeplaas.

Prof. W. J. Putter word as hoof van die departement Liggaamlike Opvoedkunde benoem.

Proff. J. A. Coetzee en H. N. Pretorius word op versoek as departementshoofde omgeruil sodat prof. Coetzee hoof word van die departement Strafreg en prof. Pretorius hoof word van die departement Proses- en Bewysreg.

# OOR DIE ONDERDEUR

Aangename kennis en hallo!

Liewe Maats,

Hierdie tyd van die jaar lewer gewoonlik baie dinge op, ja, groot nuus! Dit is lente en die akkerbome bot! Nog groter nuus — Quintus Pelser sleep sowaar vas. Baie geluk en baie welkom.

Sou Elmien Kruger nog haar selfde belangstelling hê, as in die verlede, of gaan sy nou Bantoereg en "Kaffertaal" begin swot? Is dit dalk Andries Coetzer wat van kursus verander het, of soek hy maar net witvoetjie by die dosente van die Kunsdepartement (of hoe juffrou Badenhorst?) Dit is opvallend hoe klop-"klopper" Marlene Strydom se hart, as Steven in die nabyheid is.

Ester Rumpff en Ben Nell geniet glo ook elke dinee terdeë saam! Martie Els wens dit was nog ontgroeningtyd sodat sy Sam Pelisieur kon betig het, maar dit lyk asof hy deesdae die hef in die hand het.

Vanaf Oosterhof word berig dat die koshuisdinee 'n reuse sukses was, of hoe Cecile — maar miskien moet ons eerste Piet van Zyl daarna vra.

Wim van der Walt en Anet Human asook Elizabeth Steyn en Johan Snyman erken almal volmondig saam dat dit 'n reuse sukses was.

Corrie van der Walt het ook goeie kontakpunte in Makouvlei. Tog wonder ek of sy Chemie by Charl Marais probeer leer, of dalk net 'n goeie geleentheid KOVSIELAND toe, daar soek?

Marietha Snyman het ook reeds vir haar 'n vasskopplek in die Vrystaat gevind — ja, die boertjie het lankal al haar hart gesteel. Gelukkig het Anetha Labuschagne 'n bestuurderslisensie, wie sou dan anders die wit motor van die Hoender-boer bestuur het?

Baie geluk ook aan almal wat 'n diamantring ryker geword het! Mag die bloktyd "nuttig gebruik word" en aan almal 'n baie aangename somervakansie. Lewe en streef altyd hoog! Soet wees tot volgende keer!

Julle Maatjie.

A. VORSTER APTEEK


(Frans Nel, B.Sc. Farm.)

OKTRONGEBOU • LOMBARDSTRAAT

Skakel ons vir vinnige aflewering

# GLANSPUNTE VAN DIE JAAR









FOTO BO: „Ek is nie 'n Bantoe nie, ek is 'n Lebowaan'', het mnr. Justus Tsungu, omroeper van Radio Bantu op 6 Maart tydens 'n P.N.B.-Programvergadering in die Totiussaal gese. Op die foto verskyn hy saam met die dagbestuur van die S.R. Van links na regs verskyn mnre. Nico Ligthelm, Pieter Mulder, Tsungu, Fika van Rensburg, Frans Kruger en Leo van Schaik. FOTO REGS BO: Mnr. Leon Wessels, A.S.B.-president spreek op 21 Februarie 'n perskonferensie in die S.R.-Raadsaal toe oor „Wat bied die A.S.B. vir my''. Saam met hom verskyn mnr. Toon van Tonder, destydse sekretaris van die A.S.B. FOTO LINKS: Kuesta '73 is op die Puk aangebied met „Televisie'' as tema en was baie geslaagd. FOTO ONDER: Gedurende die langnaweek van 30 Mei—2 Junie het 'n aantal Pukke die aktualiteitskursus van die A.S.B. by die Allemanskraaldam bygewoon. *Foto's: Fotokuns.*



FOTO ONDER: Die S.A.B. het op 3 Maart begin oor ons Studentelewe in die breë, veral ten opsigte van leierskap. Op die foto verskyn die voorsitter van die S.A.B., mnr Konkie van der Walt, saam met die persone wat referate gelewer het. Van links na regs staan prof. S. C. W. Duvenhage, mnr. Kobus van der Walt, prof. Tjaart van der Walt, mnr. H. F. Swanepoel en mnr. Konkie van der Walt. FOTO REGS ONDER: Mnr Pieter Mulder saam met leiers van die Progressiewe Party afgeneem by geleentheid van 'n P.N.B. Programvergadering op 16 Mei in die Totiussaal. FOTO HEEL ONDER: Pukke is nog oorspronklik. Tydens Intervarsity week het hierdie kunswerk in die duikweg verskyn as welkome variasie op die gebruiklike bekrapping van die mure. *Foto's: Fotokuns.*





**Potchefstroom se**
**Afrikaanse Padkafee**

•

U KEN ONS

**BAILLIEPARK PADKAFEE**

By die Johannesburg- en Paryspad aansluiting.

•


DUS:

WAT DOEN U AS KOSHUISKOS VERVELIG RAAK?
KOM ONDERSTEUN 'N AFRIKAANSE SAAK

Onder persoonlike bestuur van Oom Jan Aucamp.



# SOSIALE HOOGTEPUNTE 1973










**FOTO LINKS BO:** Puk-pyprokers rook dat die dampe staan op pad na nog een van die wêreldrekords wat tydens Karnaval '73 opgestel is. **FOTO REGS BO:** Oosterhof het uitgehang met 'n modeparade. **FOTO BO:** Antjie Krog (heel regs), wenner van die Eugene Marais-prys het die Puk op 26 Junie besoek as gas van die Letterkunde Vereniging. **FOTO LINKS:** Na jare van lief en leed verlaat een van die Puk se grootste geeste, Jo Enslin, ons vanjaar. **FOTO LINKS ONDER:** Pukke gesellig saam tydens die beste Karnaval ooit. **FOTO ONDER:** Met die aanbieding van die opera „*Bastien und Bastienne*" van Mozart en uittreksels uit ander operas op 16 Junie, het die Collegium Musicum van die P.U. vir C.H.O. se Departement Musiek 'n nuwe veld betree. Hier oefen die sangers. **FOTO HEEL ONDER:** Puk- en R.A.U.-skaakspelers durf mekaar aan tydens Kuesta '73. *Foto's: Fotokuns.*







U kan gerus u bande versool by . . .



**GOLDEN WEST RETREADERS**

'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK!
Groot Voorraad

- NUWE en VERSOOLDE bande Versoling nou ook verkrygbaar in die GOODYEAR G 800 loopvlak
- Nuutste toestel vir WIELSPORING en -BALANSERING.

LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM

Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse!

# GEBEURE 1973







FOTO BO: So sal duisende Pukke weer hierdie jaar hul eksamens deurworstel en dan eers lê die vakansie voor. Die redaksie van *Die Wapad* wens alle Pukke sterkte toe. FOTO LINKS: Seepgly was een van die gewildste items in die interkoshuiskompetisies wat so 'n groot sukses van Karnaval '73 gemaak het. Hier is een van die deelnemers besig om sy slag te wys. FOTO REGS: Johan van Rensburg was twaalf jaar lank regisseur van die Alabama-Studentegeselskap en in die tyd het hy die groep uitgebou tot een van die Puk se beste ambassadeurs. Dit het die Studenteraad laat besluit om erekleure aan hom en sy vrou Rina, wat hom bygestaan het, toe te ken. Hier oorhandig mnr. Leo van Schaik die erekleure aan hulle.

*Foto's: Fotokuns.*










Die langverwagte brug oor die spoor in Meyerstraat is vanjaar uiteindelik voltooi. REGS is twee foto's van die brug voor en na voltooiing. BO is die burgemeester van Tarentaal, sy gade, die voorsitter van die S.K.K. en drie van die Karnavaldoedies tydens die amptelike opening van die brug. FOTO REGS ONDER: Mnr. Johan van Rensburg, musiekregiseur van Alabama, het gedurende September vir verdere studie na Amerika vertrek. Hier oorhandig Horst-Peter Butow, voorsitter van Alabama 'n beurs van R1 000 aan hom namens Alabama. Mnr. Fika van Rensburg, vorige S.R.-Voorsitter, kyk toe. *Foto's: Fotokuns*

ONS KOOP TWEEDEHANDSE FIETSE!

★

SIT U OPGESKEEP MET 'N OU FIETS. BRING HOM NA

**HUIS en TUIN**

TOMSTRAAT 82 TELEFOON 4641




# SPORTPRESTASIES 1973






**FOTO LINKS BO:** Inter-Universitêre rugbykampioene, v.l.n.r. agter: F. Kruger, J. Steyn, J. Burger, P. Brandt, C. van der Merwe, E. le Roux, J. Stofberg. Middel: E. van Wyk, S. van der Merwe, G. Pienaar, K. Snyman, T. van Rensburg, W. de Bruin. Voor: D. Coetzer, mnr. J. T. Claassen (afrigter), J. van Rensburg (kaptein), mnr. P. Malan (Sportdirekteur), P. Roodt. Inlasse: O. van Niekerk en S. Schutte. **FOTO BO:** Op 25 Augustus speel die Pukke teen alle verwagting in gelykop teen die Shimlas (6-6). Theuns van Rensburg skop die bal voor Willie Strydom kan keer. James Stofberg en Jimmy van Rensburg is byderhand. **FOTO LINKS ONDER:** Gedurende April word een van die wêreld se beste atlete ooit, Mal Whitfield aan die Puk ontvang. Op die foto verskyn Hans Booysen, Danie Gildenhuys, mnr Mal Whitfield, Andries Krogman en mnr Jos Sirakis. *Foto's: Fotokuns.*








**FOTO ONDER LINKS:** Gedurende Karnavalweek het vier Pukke 'n nuwe wereldrekord vir 'n tennis marathon opgestel. **FOTO ONDER REGS:** Marie Viljoen het die afgelope atletiekseisoen 'n nuwe Suid-Afrikaanse gewigstootrekord opgestel. **FOTO REGS:** Andries Krogman het op 'n onlangse oorsese toer die Suid-Afrikaanse rekords oor die 3 000 en 10 0000 meter verbeter. **FOTO HEEL ONDER:** Van 2 tot 7 Julie is die Interprovinsiale netbaltoernooi te Potchefstroom gehou. Sewe Pukke het Wes-Transvaal A en B verteenwoordig. Op die foto maak Trina Roestorf gereed om die bal na Vivienne Kruger te slinger. *Foto's: Fotokuns.*






U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

**PRO REGE-PERS BEPERK**

*„die Potchefstroomse boekhandel"*

TOMSTRAAT 86 — TEL. 5236 — POTCHEFSTROOM

# KARNAVAL LEIERS BYEEN

Op 29 en 29 September is 'n Karnaval- en Joolvoorsitterskonferensie in die senaatsaal van die U.O.V.S. in Bloemfontein gehou

Verteenwoordigers van agt universiteite en drie onderwyskolleges het die konferensie bygewoon. Mnre. Braam le Roux en Kobus van der Walt het die P.U. vir C.H.O. as afgevaardigers verteenwoordig, terwyl nog tien Pukke die konferensie as waarnemers bygewoon het.

Die aanwesiges is welkom geheet deur die rektor van die U.O.V.S., prof. B. Kok. In sy rede het hy studente onder meer vermaan om daarteen te waak dat vyande gemaak word as gevolg van die wyse waarop hulle karnaval vier. Referate is voorgedra deur die voorsitters van sewe van die aanwesige instansies.

Daarna is vrugbare bespreking gevoer oor verskeie aspekte rakende die organisasie en aanbieding van karnaval.

Die vergadering was baie entoesiasties oor 'n voorstel van mnr. Johan van der Wath van N.K.P. dat sekere nasionale nuusblaaie genader word om 'n kompetisie vir die beste joolblad uit te skryf. Daar is gevoel dat so 'n toekenning die gehalte van joolblaaie sal verhoog.

Mnr. Willie Brouze van Wits het voorgestel dat die vergadering die Puk versoek om al hul karnavalwinste vir liefdadigheid aan te wend. Mnr. Kobus van der Walt het hierop geantwoord dat 'n unieke situasie op die Puk heers en dat studente-ontspanning waarvoor 'n deel van die winste aangewend word, 'n ernstige probleem is. Die oorgrote meerderheid van die wins, nl. 75% word egter wel aan liefdadigheidsorganisasies toegesê, terwyl die orige 25% tussen die beoogde studentesentrum en Prompu, die Studenteraad se hulpprojek in die Kleurlingwoonbuurt, Promosa, verdeel word. Daar word vir beide ingesamel en sorg word gedra dat die publiek nie onder 'n misverstand geplaas word nie. Die voorstel is nie verder bespreek nie.

In beginsel het die meeste afgevaardigdes saamgestem met 'n voorstel van mnr. Jeremy Nottingham (Wits) dat joolblaaie se pryse dieselfde moet wees om bevoordeling van sommige blaaie uit te skakel. 'n Tentatiewe bedrag van 50c is as aanneemlik beskou. Slegs R.A.U. en Stellenbosch het nie die voorstel gesteun nie.

Nog 'n voorstel van mnr. Nottingham wat gunstig ontvang is, was dat 'n verenigde front gevorm moet word om kunstenaars te versoek om hul vertoning by karnavalkonserte teen 'n laer fooi beskikbaar te stel, aangesien die wins op die aanbieding vir liefdadigheid gaan en optrede voor 'n studentegehoor veel advertensiewaarde knhou.


Verder is die wesenlikheid van die aanbieding van 'n filmpremière sterk betwyfel. Slegs op R.A.U. het hierdie item winsgewend genoeg geblyk te wees. In 'n onderhoud met een van ons verslaggewers het mnr. Braam le Roux melding gemaak van die goeie gesindheid wat op die konferensie geheers het. Dit was verblydend om te sien hoe Afrikaans- en Engelssprekendes kon saamwerk om 'n gemeenskaplike doel, in hierdie geval geldinsameling vir liefdadigheid, te verwesenlik.

Uit die bespreking op die konferensie het dit ook duidelik geblyk dat Karnaval op die Puk baie meer oorspronklik is en dat daar meer gebruik gemaak word van studente-inisiatief as in die joolpogings van die ander universiteite.



**FOTO BO: Elf van die Pukke wat die Karnaval- en Joolleiers-konferensie te Bloemfontein bygewoon het. Voor v.l.n.r.: Corrie Kraamwinkel, Francois van Wyk, Willemien Jerling, Judie Venter, William Kalmer, Nienie Langenhoven en Ammi Visser. Agter staan Dries van der Walt, Braam le Roux, Douw Kruger en Kobus van der Walt.** *Foto: Fotokuns.*


CITROËN GS



CITROËN GS

ALLE MODELLE CITROEN BESKIKBAAR BY:

KOLLEGE DIENSSENTRUM

HOEK VAN VON WIELLIGH EN PRESIDENTSTRATE

TELEFOON 5800 POTCHEFSTROOM


# DEUR MY LENS

Mooi so Pukke. Dis mos hoe dit gedoen word. Al was dit nat, koud en winderig, ons was daar. Ons span mag miskien nog verloor, maar ons die Pukke, die wese van hierdie Universiteit nooit nie. Wat maak dit saak as ons nie die ander trofee gebuit het nie, die belangrikste is dat ons die inter-universitêre kompetisie gewen het en dit teen die magtige Tukkies, die Groot Bul van die Noorde, sterkste klubspan in Suid-Afrika. Hulle is getroef deur 15 manne van die P.U. vir C.H.O.

Nou hier het ons met 15 manne te doen, nie ou manne nie, jong manne.

Net so is hier op die kampus 'n versameling van jong manne en vroue wat in leiersposisies op die kampus geplaas is. Hulle is daar geplaas deur julle stem wat julle uitgebring het.

Sommige van hulle is jonger as die ander maar dit maak hulle nie minder bekwaam nie.

Ons kan tog nie almal 6de of 7de jaar studente wees nie.

Wat nog meer is, dis nie julle 6de en 7de jaar's wat die bekwaamste is nie!

Hierdie kerels en asters het nog die jeug in hulle. Die wil om te skep, te vorm, te maak en te breek. Moet hulle dit nie misgun nie. Deur hulle eerder met raad en daad by te staan kan ons hulle help om nie die grense te oorskry nie, want die jeug is maar voortvarend. Opbouende kritiek kan hom of haar net help om die taak groot is, na die beste van sy vermoë uit te voer.

So is daar talle jonger manne en vroue wat julle ouer, meer ervare studente moet lei. Op die Studenteraad, op die *Wapad* redaksie, op verskeie hoofbesture van die onderliggame. Gee hulle 'n kans Pukke en ek verseker julle dat deur hulle eerder by te staan as te kritiseer ons van 1974 nog 'n groter sukses gaan maak as wat vanjaar was.

Sterkte met die stryd om punte.

REFLEKTOR.

# LENTEFEES



**FOTO BO: Die Pukke hou boeresport op Lentedag — jaar voor hulle begin word die winter eers begrawe.** *Foto: L. H. van Schaik.*

# BRIEWE VAN DIE LESERS

Hoe op aarde skryf 'n mens nou weer 'n brief aan 'n koerant?

Geagte Redakteur,

Ek wens ek was 'n man, sodat ek met vrymoedigeid kon wees wat ek dink 'n man behoort te wees. Ai, dat hulle al die geleentheid het, en al wat vroumens is sit en wag, getrou aan ons voorgeskrewe natuur, op aksie en leiding. Ek praat nou oor algemene lewensuitkyk. Die deursnee Pukman is 'n onromantiese, prosaiese wese wat nog net kan opgewonde raak oor sy rugby en sy biertjie. Die mens se gesindheid teenoor die dames is byvoorbeeld vir my toetentaal verkeerd ge-orinteerd. Die meeste van ons broekdraers beskou 'n meisie as daardie dom wese wat moet kan tikwerk verniet doen en wat gesleep moet word — uit verveeldheid, vir prestige, bloot uit onrustigheid en gewoonte!

En mans, moet tog nie so poer-poer nie! As julle maar kan besef hoe onbevredigend hierdie halfhartige toenaderings en huiverige benaderingswyses vir ons is. Ons mag nou eenmaal nie inisiatief neem nie, dus, kry tog meer vuur! Kweek selfvertroue en dinamiek, dit word van julle verwag, en ek wil nie eendag vir my kinders sê: „Ma moes vir Pa vang" nie!

Hierdie skietery vir dinees, ag, frustrasievolle tyd, want hoe om doodonskuldig 'n man te gaan vra vir jou koshuisdinee, as jy voor jou siel weet dat hy suurgesig trek by sy maats, en daagliks hoor jy hulle op die kampus: „Man, nee, ek wil eers sien hoe sy lyk . . . is sy darem iets vir die oog . . . ag, watter storie kan ek vir haar opdis?"

Waar is nog 'n man wat sy meisie sal kom haal as dit reën sodat hulle saam kan gaan kaalvoet nat word? Wat van vannag laat vir haar 'n appelbloeisel en 'n wilgertakkie bring as sy moet swot, of haar Sondagmiddagg kom haal vir fietsry in plaas van die hele middag te gaan omslaap! Ag, en 'n groot bos blomme uit Potch se elite-tuine is soveel meer sensasie as daardie gesellofaande, koue ou ruikers met die blink verf en die bloemiste etiket, wat dikwels die uitvloeisel is van 'n skuldige gewete! Ag, bring tog 'n bietjie variasie in die ewgige formule van sleeptye en sleepmetodes. Wat van 'n slag fliek toe stap, wat van 'n toggie langs die rivier Saterdagoggend sesuur na 'n stel tennis! As ek darem 'n man was sou my meisie nie kon byhou nie.

Dink julle ons kom hierdie gesindheid nie agter nie? Vergeleke met ander kampusse het dames op die Puk 'n reuse agterstand.

Ons is meer as die mans, en enige tyd net so aktief, en Meneer die Reflektor, die meeste van ons vettes maak 'n deeglike studie van alles rondom stemdag, want behoort ons ook nie 'n sê te hê in die dinge van die S.R. nie? Ons word onbewustelik nog maar altyd beskou as die minderwaardiges, daardie sogenaamde „noodsaaklike euwel." En ergste van alles, dit is ook ons eie skuld. Ons is maar doodtevrede met ons etiket en ons speel marionet net soos vat die tradisie en algemene beskouing vir ons voorskryf. As ons bereid is om met 'n bietjie moeite effens buite ons deur-wie-ook-al-vasgestelde grense te kyk, kan ons self die omwenteling meebring, maar mans, wees tog positiewer en help ons 'n bietjie.

Dit lyk my ek het nou tot die slotsom gekom waar ek wil dit uitgil: „Almal van julle kry tog net lewe! Rol oor hierdie paar jare met 'n lag en 'n bokspring en kyk net hoe blou is die heining!"

JEREMINA.

# OUD-PUKKE vs. OUD-TUKKIES



Foto b o: Oom Hans van Zyl het moeite om sy oë by die drinkgoed te hou voor die wedstryd teen Oud-Tukkies op 29 September
*Foto: Potchefstroom Herald.*



Foto bo: Die oud-Pukke — met die klem op die „oud" — wat met 'n telling van 4-0 afgereken het met 'n soortgelyke span van Tukkies.
*Foto: T. van Schaik.*

**OM HALFVIER Saterdagmiddag 29 September het chaos Olënpark getref toe twee spanne helde uit die goue verledes van die Universiteite van Potchefstroom en Pretoria (vir laasgenoemde met die klem op die verlede), die veld deur die modder opgeploeter het — die Pukke se kaptein, oom William Scott, op 'n draagbaar vooraan**

Uit die staanspoor is die wedstryd gekenmerk deur die een gemors op die ander en beserings het so gereeld voorgekom as wat kortasem „ex-aces" dit nodig gehad het om te herstel. 'n Oud-Tukkie moes dan ook die veld op 'n draagbaar verlaat — sy gees was egter nog so gewillig dat die oorredingsvermoë van 'n alkoholoortapping nodig was om hom van die veld te kry.

Om Piet van der Schyff se liefde vir die historiese lei daartoe dat hy die geskiedkundige drie druk wat die oud-Pukke in staat stel om met 4-0 te wen, nadat oom Hans van Zyl se vervyfskop misluk het.

Die burgemeester van Tarentaal het die S.A. Brouerye-Trofee (leeg) aan die wenspan oorhandig.

DALRYMPLE BYEENKOMS
Pilditch-stadion
Pretoria
2 - 3 Des.

# KOSHUIS-KRIEKET

## DAWIE DUP SEEVIER

Volgens Dawie du Plessis se eerste twee vertonings hierdie krieketseisoen, lyk dit of die koshuis van plan is om vanjaar sy pad oop te speel tot bo-aan die leer van krieketkampioene.

Die koshuis se elftal het Saterdag, 6 Oktober bewys dat hulle oorwinning teen Dorp die vorige Saterdag geen vroegryp vrug was nie, toe hulle Klooster oortuigend met 25 lopies geklop het.

Vir die wenspan het kaptein Tinus Smidt 74 sprankelende lopies bygedra tot die totaal van 127 voordat Viljoen hom skoongeboul het. Paul Pretorius wat vyf monnike laat terugstap het vir 33 lopies, was Dawie Dup se beste bouler.

## KOTZE SKITTER

Vernietigende boulwerk deur Ernst Kotze was hoofsaaklik verantwoordelik vir Klooster se ondergang in hul wedstryd teen Over de Voor. Hy het 7 paaltjies laat kantel en in die proses 34 lopies afgestaan.

Piet Buys het hard probeer om vas te skop en het nie minder as sewe van sy vennote na die pawiljoen sien stap. Hy het 39 lopies behaal voordat Oswalf van Niekerk hom op skitterende wyse van Andre Claassen se boulwerk uitgevang het.

Over de Voor het uiteindelik met ses paaltjies gewen nadat Lou van Wyk die wenses sommer sonder beenskutte gaan slaan het.

Opgesomde telkaart:
Klooster: 67 almal uit (Buys 39, Kotze 7/34).
Over de Voor: 70 vir 4 (Kotze 19, van Niekerk 19, Siertsema 1/7).




Foto Bo: 'n Toneeltjie uit die wedstryd tussen Klooster en Over De Voor Butch Botha speel na 'n bal van Vorster
*Foto: L. H. van Schaik.*

## SMIT 5/21

Nadat Thaba Jah die vorige seisoen die krieketbeker verower het, het hulle hierdie seisoen baie sleg weggespring deurdat hulle die eerste wedstryd teen Over de Voor verloor het. Baie van hulle spelers het egter die Saterdag Puk teen Wits verteenwoordig.

Verlede Saterdag het die manne egter saak baie beter bevorder. Hulle het hard geoefen en was beter voorbereid gewees vir die wedstryd teen Skuur.

Thaba Jah wat eerste gekolf het het 'n prag vertoning gelewer. Toe die tyd verstreke was het hulle 159 lopies daargestel. Skuur se manne moes die uitdaging aanvaar indien hulle wou wen.

Spoedig nadat hulle kolfbeurt begin het het hulle eerste kolwer egter gestap. Slegs F. Botha kon die mas opkom teen die boulaanval en het dan ook 28 lopies gekry. Skuur was almal uit vir slegs 68 lopies. Thaba Jah het die wedstryd met 91 lopies gewen.

Vir Thaba Jah het Tinus Nortje 30 lopies behaal voordat hy uitgevang is. Mader Postma het 29 lopies bygedra voordat hy b.v.p. betrap is. Herman Smit was die aanvallendste kolwer in Thaba Jah se beurt en het 24 lopies in slegs twee boulbeurte gekry voordat hy skoon geboul is. Thaba Jah se boulers het ook goed gevaar, Flip Mostert het 3/33 en Herman Smit het 5/21 gekry.

Herman Smit was beslis die steunpilaar van Thaba Jah.




Foto bo: Ernst Kotze moker 'n bal grens toe
*Foto: L. H. van Schaik.*

## S.A.U. Toernooi

Die eerste Tennispan van die Puk gaan vanaf 3 Desember tot 8 Desember aan die Suid-Afrikaanse Universitêre Tennistoernooi deelneem.

Die span kom reeds Woensdag 28 November bymekaar en sal twee dae oefen voordat hulle na Kaapstad vertrek.

Die span is: Dames: Rihetta van Heerden, Marlene Lombaard (kapteine) Enid Rencken, Sonja Kruger, Madis van Deventer, Annamien Hamman,

Mans: Pikkewyn Malan, Pieter Campher, Elmo Ferreira, Derrick Botha, Steinman de Bruyn (kapt.), Johan de Bruin.

## HENGELNUUS

Hier is ons weer. Ten tye van die berig was ons manne van Kariba nog nie tuis nie en kan ons dus niks oor hulle skryf nie.

Intussen het Kobus Vosloo ook sy skippers lisensie gekry. Dit maak hom nou die jongste lid van die Rooivis afdeling wat 'n skippers lisensie besit. Baie geluk.

Almal wat belangstel om by die Rooivis afdeling te affilieer kan met hom kontak maak by Over de Voor. Hy sal dan alle inligting aan julle verstrek.


Wat kompetisies aanbetref begin die Swerwers kompetisie die 11de Oktober en eindig dan die 21ste Oktober. Kom ouens gaan vang en weeg in.

Vir die manne wat see toe gaan vir die S.W.A. kompetisies oor die vakansie — sterkte.

Stywe lyne tot volgende keer.

MOTOLEK
Hierdie onderdele is by u plaaslike
MOTOLEK
verspreider verkrygbaar . . .
POTCH SPARES
Lombardstraat 39 - POTCHEFSTROOM - Tel. 6077, 4595
★
ELECTRICAL PARTS FOR JAPANESE CARS AND TRUCKS
motolek

# Slakepas Red Klerksdorp



**Moorcroft boul na Van Vliet in Saterdag se wedstryd teen Klerksdorp**

*Foto: L. H. van Schaik.*

**WEENS die reën wat die vorige Saterdag se wedstryd ontwrig het omdat die veld geheel en al onspeelbaar was, is die wedstryd tussen P.U.K. I en Klerksdorp verlede Saterdag op enkel beurt basis beslis.**

Dit was reeds van die begin af duidelik dat geen beslissing bereik sou kon word nie, omdat speeltyd te min was.

Klerksdorp het eerste gaan kolf en nadat sy aanvangskolwers die boulaanval deeglik deur gekyk het, het hulle die lopies begin inryg. Jimmy van der Walt was die beste kolwer gewees en het 'n uitstekende 60 lopies aangeteken.

George Moorcroft en John Middleton het die Pukke se boulaanval begin. Moorcroft veral het die kolwers baie las besorg en hulle kon sy balle nie so maklik speel nie. Middleton het die kolwers aanvanklik ook las besorg maar gaandeweg het hy al hoe meer lopies afgestaan.

Met teetyd was Klerksdorp se telling dan ook 120 lopies vir 2 paaltjies gewees. Na teetyd het die paaltjies baie vinniger geval sodat dit op 'n stadium 131 vir 7 paaltjies was. Van Vlet het vasgeskop en die telling is opgeskuif na 165 vir 9 paaltjies toe Klerksdorp om 5.15 nm. verklaar het. Dit is 'n uiterste stadige kolftempo van Klerksdrop.

Frans de Beer en Oliver Chrisholm het die Pukke se beurt gaan open. De Beer het goed afgesit maar Chrisholm was ongelukkig gewees deurdat hy gou na die aanvang van die Pukke se beurt deur Des Kulter uitgevang is. Hierna het Boet Schlebusch hom by De Beer gevoeg en die twee het die boulaanval vasgevat. Schlebusch het dan ook vir De Beer verbygesteek. Die twee kolwers het die totaal tot 63 vir 1 paaltjie gevoer toe die wedstryd gestaak is. Dit het dus onbeslis geëindig.

Vir die Pukke was Middleton met 4/45 en Moorcroft met 3/45 die beste boulers gewees terwyl van Zyl 2/28 geneem het. Sias Willemse was ongelukkig om geen paaltjie te neem nie.

# OOM PIET

Mnr. Piet Malan, aan ons Pukke beter bekend as Oom Piet, kom oorspronklik van die Vrystaat af. Hy sê die plaasvolk van Parys het hom geleer voetbal speel!

In 1938 skryf hy in by die P.U. vir C.H.O. vir die graad B.Sc. Hier het hy vier jaar lank in die eerstespan rugby gespeel.

Piet Malan was nie net kaptein van die PUK se eerstespan nie, maar ook van die Wes-Transvaalse span.

As Wetenskap-onderwyser aan die Afrikaans Hoër Helpmekaar in Johannesburg het hy rugby gespeel vir Diggers. Hy was 7 jaar lank kaptein van die span. In 1949 het hy die Transvaal "Second String" op Springfield teen die All Blacks aangevoer. Sy puik spel gedurende die wedstryd was die deurslagewende faktor vir die verwerwing van sy Springbokkleure.

Oom Piet was vir jare voorsitter van die Skole-Subunie in Johannesburg. Hy het ook op die Transvaalse rugby-unie gedien.

Voordat hy sy rooi rubberbuis Ons eie prof Tjaart van der Walt kan van die buis se trefkrag getuig), weggebêre het, was hy vise-hoof aan Fakkel Hoërskool. Daarna het hy weer terug gekeer na sy Alma Mater.

Oom Piet was in 1966 Nasionale keurder. Hy dien vandag nog op die Wes-Transvaalse rugby-unie en is voorsitter van die keurkomitee. Hy was ook al oorsee vir 'n afrigtingskursus en het byna sy hart in Parys



**FOTO BO: Mnr Piet Malan, Sportdirekteur van die P.U. vir C.H.O.**

*Foto: Fotokuns.*

(Frankryk) verloor, las sy vrou, tannie Hansie, by.

Ons Oom Piet is nie net 'n man vir rugby nie — hy is 'n veelsydige sportman. Sy belangstelling lê eintlik in die afrigting van die verskeie sportsoorte. Hy kan nie anders as om suksesvol te wees nie — daar staan vier vrouens agter hom. Dan praat ek nie eens van Karlien en Disa nie.

Ons ag onsself gelukkig om so 'n bekwame man soos u in ons midde te hê. Die Pukke is trots op u!

Die Wapad word gedruk deur Carletonville Pers (Edms.) Bpk., Amethyststraat, Carletonville, Tvl. Posbus 406, Tel. 6184.

# PUK TWEEDES OP DREEF

Alle krieketwedstryde wat verlede naweek in die Wes-Transvaalse liga plaasgevind het, het onbeslis geëindig. Dit was die gevolg van die vorige naweek se baie reën toe geen wedstryd gespeel kon word nie. Dit was ook die geval met die Puk se tweede span.

Die tweede span het hulle goed van hulle taak gekwyt om 'n stewige greep op Potchefstroom Dorp te kry. Burgers met 66 en Cilliers met 58 was die beste kolwers. Weens die tyd kon die boulers van die Puk nie hulle slag ten volle wys nie.


Die verkorte telkaart is:

**Pukke II (1ste beurt).**

182/5 verklaar. (Burgers 66, Cilliers 58, Koortz 26, Kruger 1/11, Keet 1/15, Pieters 1/37 en Vermaas 1/53).

**Potchefstroom (1ste beurt).**

79/3. (Rossouw 29 n.u.n., Keet 25, A. van Rensburg 16, Bekker 1/19, Van Aswegen 2/38). Wedstryd eindig onbeslis.



**Klerksdorp se Jimmy van der Walt het die Puk-boulwerk baasgeraak.**

*Foto: L. H. van Schaik.*

# SPORT PERSPEKTIEF

Atletiek!!! Ja, die atletiek seisoen is hier, maar voor ons daarby kom, laat ons eers 'n terugblik neem na hierdie jaar se gebeure.

Oor die algemeen kan gesê word dat dit 'n jaar was van baie hoogte- sowel as laagtepunte, op die sportgebied.

Die 1972-73 atletiekseisoen het op 'n hoë noot begin toe die Pukspan tweede in die Dalrymple-byeenkoms geëindig het.

Slegs Maties se mans kon ons klop. Ons dames het die tradisie laat voortleef deur onder die eerste vier spanne te eindig.

Nog besig met atletiek, begin die rugbyseisoen. Hoewel die liga bekers vroeg reeds vir die PUK neusie verby was, het die Theo's 'n groter ideaal nagestreef. Intervarsity speel die Theos en die Shimlas gelykop, en toe kom die Ted Sceales uitklop reeks. Die trofee word deur die Puk as volg gewen:

PUK klop UPE 16-12.
PUK klop Natal 36-18.
PUK klop Rhodes 21-12.
PUK klop Tuks 23-20.

Ai, hoe lekker! Vir die eerste keer in die geskiedenis is hierdie trofee die PUK s'n.

En nou? Nou is dit die akademiese stryd wat voorlê, maar te midde van hierdie stryd, is u seker nie bewus van die Dalrymple wat voorlê nie. Tussen die eksamens deur is daar 'n klompie mans- en dames atlete wat hulle voorberei vir hierdie byeenkoms.

Kom ons kyk 'n bietjie na die statistieke:

MANS

Bloemfontein 1970 — 2de na Tukkies.

Durban 1971 — 2de na Tukkies.

Stellenbosch 1972 — 2de na Maties.

DAMES

Het nog elke keer onder die eerste vier spanne geëindig.

PRETORIA 1973?

Die Puk beskik oor 'n goeie damesspan wat myns insiens baie moeilik geklop gaan word. Tukkies se dames is egter ons grootste kommer en met hulle moet deeglik rekening gehou word.

Die mans kan vir die tweede keer in die geskiedenis hierdie gesogte trofee verower. Dit is vir die eerste keer in 1964 deur die Puk verower.

Myns insiens het 'n paar Universiteite rede tot kommer t.o.v. hulle "wen" kanse, veral as daar na die vorige drie jaar se statistiek gekyk word. Die Pukke se welverdiende deurbraak kom dalk hierdie jaar. Ook in hierdie afdeling is Tuks ons grootste gevaar, met Dave Langley terug in hulle geledere. Maties, verlede jaar se wenner, beskik oor 'n goeie span, maar die hoë lugdruk en ander faktore kan die skaal dalk teen hulle laat swaai.

Die Pukke se krag sal ongetwyfeld in die langasems lê. Dit is bewys deur die Inter Universitêre landloopbyeenkoms, waar die PUK skoonskip gemaak het.

Maar in sport is daar ook terugslae. So is ons beste veldatleet, Hans Booysen, nie beskikbaar vir die byeenkoms nie. Hoewel dit 'n groot terugslag is, glo ek dat ons nogtans die mas kan opkom.

Aan Eric van der Walt en sy span sê ons d.m.v. die *Wapad* vir oulaas sterkte en voorspoed vir jul groot taak. Die Ted Sceales is hier, bring asseblief die Dalrymple trofee ook saam. Ons vra julle net: Doen dit vir die Puk-massa, doen dit vir ons Universiteit, doen bo alles, doen dit vir julle self.

Wat 'n groot jaar was dit nie tot dusver gewees nie!

A.P.I.E.

BY VOORKEUR

Gebak deur

Turkstra

Die keurigste gebak
in Potchefstroom

Ons lewer aan die
Universiteit